# SO DONKER DIE WRAAK



SANDBERGH BEYERS

# SO DONKER DIE WRAAK

DEUR


## SANDBERGH BEYERS



SEBRA BOEKE

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch vir
SEBRA-UITGEWERS (EDMS.) BPK.
S.A.C.T.A—Gebou 301
Breestraat
JOHANNESBURG

## HOOFSTUK EEN

# DIE TEREGSTELLING

Nou is dit presies twaalf minute voor agt.

Magtig, nee! Dit is nou maar elf minute voor agt. Die wyser van die horlosie het nou net weer beweeg.

Legioenmanskap Kriso Tovak maak 'n wilde, wanhopige berekening. Hy stel vas dat hy nog sowat seshonderd sekondes het om te leef. 'n Sigaret hou langer as dit. Dus, as iemand op hierdie oomblik 'n sigaret opsteek, sal dit nog brand wanneer hy, Kriso Tovak, dood is.

Tovak maak 'n snaakse kreungeluid en hy druk sy beswete gesig nog stywer teen die tralies van die selvenster vas. Hy bly staar na die groot horlosie reg teenoor die slaapsale. Dan onthou hy dat hierdie klok net op die uur slaan—net een verdrietige slag . . . klang! Net so. Dit is al. Manne hier in Dini Sadazi wag altyd dat dit meer slae moet slaan, maar dit doen dit nooit. Dit is al te oud en dit gee nie meer om nie. Dit is daar sedert hierdie kaserne gebou is en dit het al te veel lyding aanskou. Dus lyk dit nou of die ou groot klok net sê: „So, nou is nog 'n uur agter die rug. As julle wil weet watter uur verby is, moet julle maar na my kyk. Ek kan my nie moeg maak om te praat nie."

Sal die vuurpeloton handel volgens die tyd wat deur die ou horlosie aangegee word. Sal die offisier wag totdat die horlosie slaan voordat hy sy ontblote swaard laat sak? En sal hy, die berugte manskap Tovak, daardie weemoedige slag nog een maal hoor voordat die koeëls die lewe uit sy bewende liggaam ruk?

Dalk sal dit maar so gebeur. Die bevel van die krygshof was heeltemal duidelik. Die voorsittende offisier het die vonnis uitgelees asof dit hom groot behae gegee het.

„Op die oggend van 19 Junie, om agtuur, sal manskap Tovak deur 'n vuurpeloton doodgeskiet word ooreenkomstig die Franse Oorlogsregulasies. Sy stoflike oorskot sal ter aarde bestel word in die militêre begraafplaas in Sadazi . . . sy persoonlike besittings sal gestuur word aan sy naasbestaandes."

Persoonlike besittings! Tovak se persoonlike besittings! Dit is onsinnig. Tensy hulle natuurlik 'n brief uit Praag, elf *sous*, twee sigaretstompies en 'n persoonlike foto as persoonlike besittings beskou. Die brief, die geld en die stompies het hulle reeds van hom afgeneem. Hulle het hom egter toegelaat om die foto te behou.

Miskien moet hy nou weer daarna kyk—net een maal, die laaste maal!

Hy gee pad van die tralies af wat diep kepe op sy gesig gedruk het. Hy staan daardie kepe en vryf en hy voel in sy sak na die portret. Maar sy hande bewe te veel. Hy kan daarna nie kyk nie. Hy gaan lê dit op die houtbank teen die muur neer en dan kniel hy om dit beter te kan sien.

Annemarie . . .

Dit is die moeite werd om oor haar te sterf, maar dit sou darem beter gewees het om te kon leef.

Kovak se gedagtes dwarrel terug deur die tyd.

Sy gedagtes gaan terug na die dae toe hy en Annemarie in praag getroud is. Dit was net kort voor die hel van die oorlog oor die wêreld gekom het. Hulle was gelukkig—miskien té gelukkig. Hy was 'n klerk in een van die stad se baie meubelplekke. Sy, wat baie tale magtig was, was vertaalster in die kantoor van 'n groot skeepsmaatskappy. Hulle het betreklik gerieflik geleef in 'n woonstelletjie bo 'n tabakwinkel.



Totdat die manne met die kapstewels daar aangekom het. Totdat die Duitse taal dwarsdeur hul pragtige en antieke hoofstad gehoor is.

'n Tyd lank het hulle maar voortgeleef soos gewoonlik. Hulle het probeer glo dat die Duitsers later weggedryf sou word sonder die bystand van gewone mensies soos Anna en Kriso Tovak.

Maar een aand het Anna in die woonstelletjie gesê: „Ek het by die Vaderlanders aangesluit."

Sy het dit so koeltjies gesê.

Hy was verskrik, geskok. Hy het al van die Vaderlanders gehoor. Hy het al gehoor wat die Nazi's gedoen het wanneer hulle lede van hierdie weerstandsbeweging gevang het. Hy het met haar geprobeer redeneer, maar verniet. Sy wou haar nie laat ompraat nie. Hy moes erken dat sy dapperder en vasberadener as hy was.

Later het hy ook by die Vaderlanders aangesluit.

Anna het 'n deskundige geword met plofstowwe en sabotasie. Met sulke werk sou hulle 'n vrou minder as 'n man verdink. Die koue onverskilligheid waarmee sy mense kon dood, het Kriso Tovak partykeer verstom. Anna kon net so volkome haat as wat sy kon liefhê.

Ja, gedurende daardie folterende maande het hy in aanhoudende vrees geleef. Hy het nie alleen vir homself gevrees nie, maar ook vir Anna As die delikate en skone Anna in die hande van die Gestapo moes val. . . .

Toe het dit gebeur.

'n Geselskap manne in swart uniforms het hul woonstel besoek. Hy het hulle probeer keer sodat hulle haar nie kon

wegneem nie. Hy het hom teen hulle geslinger. Hulle het hom egter platgeslaan en hom geskop totdat hy bewusteloos was. Toe hy herstel het, was hy alleen in die woonstel.

Hy was egter nie lank alleen nie. Kort daarna het hulle hom kom haal en hom weggestuur na die soutmyne in Pole waar hy in die bros soutmassas moes swoeg, in die helder glinstering van die sout.

Op die een of die ànder manier het hy hierdie foltering oorleef. Die begeerte om weer by Anna te wees, het hom gehelp om nie te sterf nie. Hy het geweier om aan te neem dat sy dood is. Hy het dit nooit geglo totdat hy eindelik na die einde van die oorlog na Praag teruggestuur is nie. Na maandelange aanhoudende ondersoek het hy vasgestel dat sy na 'n konsentrasiekamp gestuur was. Hoewel noukeurige rekords nie gevind kon word nie, het hy feitlik vir seker vasgestel dat sy vermoor is.

Daar is die verhaal van Kriso Tovak, die verhaal van hom en die vrou na wie se portret hy nou hier staan en staar.

In die puin van die oorlog was Tovak alleen. Sy Anna het hy verloor, sy werk het hy verloor en hy wou nie langer in Praag bly nie omdat dit vir hom te veel pynigende herinneringe aan haar ingehou het. Twee jaar lank het hy maar allerhande werkies gedoen wat sy hande gevind het om te doen, maar deurentyd het hy maar na die geleentheid gesoek om uit Praag weg te kom. Per toeval het hy manne in 'n kafee oor die Franse Vreemde Legioen hoor praat en toe het dit hom bygeval dat hy al oor die Vreemde Legioen gelees en daarvan gehoor het.

Die Vreemde Legioen is 'n leër vir manne wat die wêreld nie meer wil hê nie, nie waar nie? Hy het daar en dan by die Vreemde Legioen gaan aansluit en saam met ander manne het hy uit Marseille na Oran vertrek. Uiteindelik het hy op hierdie plekkie, Dini Sadazi, uitgekom. Hierdie is 'n stinkende klein hel, een van die vooruitgeskowe basisse van die Vreemde Legioen hier in Frans-Morokko.



En dit is hier in Sadazi dat die brief hom bereik het.

Anna het nie gesterf nie. Twee jaar lank is sy saam met ander gevangenes in 'n konsentrasiekamp aangehou nadat die oorlog oor was. Later het sy na Praag teruggekeer waar sy na hom gaan soek het. Toe sy vind wat van hom geword het, het sy na die Franse konsulaat gegaan. Dit is met behulp van die konsulaat dat haar brief na hom deurgestuur is.

Sy wag op hom! Anna is in Praag. Sy wag op hom.

Dit is daarom dat hy gedros het. Dit was die enigste hoop. Dit was maar 'n skamele hoop, maar dit was beter as om niks te doen nie. Hy het droewig misluk. Hulle het hom gevang nog voordat hy Sadazi verlaat het.

Dit is toe dat hy besete geword het. Hy het met die geleide geveg. Hy het geveg met die enigste wapen wat hy gehad het—sy mes. Daardie was 'n skerp mes en daarmee het hy 'n soldaat van die Legioen gedood.

Daar is maar net een straf vir sulke optrede. Die krygsverhoor was niks meer as 'n vervelende formaliteit nie.

Hy wou dit vir altyd agter die rug hê. Hy wou hierdie leed en hierdie lyding vir altyd agter die rug kry. Toe dit nog op 'n afstand was, het die dood vir hom aanneemlik, byna begeerlik, gelyk—maar nie nou dat dit vir hom vlak voor die deur staan nie.

By haar brief het Anna 'n portret van haar ingesluit, 'n portret wat onlangs geneem is. Hy lê nou sy bewende vinger op daardie portretjie en hy verbeel hom dat hy haar lewende vlees aanraak.

Sy is nog steeds pragtig. Daardie helder-geel hare val nog tot op die skouers, daardie oë het nog steeds die kille kalmte

en daardie sterk mond daag nog steeds die wêreld uit.

Hy steek die portret weer in sy sak. Hy sal nie weer daarna kyk nie, want dit verleen 'n steek van lyding aan sy vrees.

Hy loop terug na die venster van die sel. Dit is tien minute voor agt.

Iewers hoor hy 'n dowwe stem wat 'n bevel gee. Dan is daar die sagte slag van stewels. Hy weet nie waar dit vandaan kom nie. Dalk is dit die vuurpeloton. Hulle het seker reeds aangetree.

Dan is daar verdere voetvalle. Hulle is nou nader en daar is nie baie nie. Hulle kom nader. Hulle kom nader—in die klipgang buite sy sel, kom hulle aan. Hy draai om en staar na die deur.

Dan is daar 'n ander geluid—dié van 'n hand wat teen die slot van 'n geweer geklap word. Dit moet die wag wees wat geweer presenteer. 'n Dowwe stem. Dan knars die sleutel in die slot.

Die deur word baie stadig oopgemaak. Kovak staan gebukkend hier teen die muur. Die sweet straal in sy oë. Hy kan nie mooi sien nie. Hy knip sy oë om beter te probeer sien.

Kaptein Monclaire staan hier voor hom en agter hom twee korporaals.

Die aanskoue van die kompanjiebevelvoerder laat Kovak sterker voel, gee hom 'n vreemde moed. Dit is die uitwerking wat Monclaire gewoonlik op sy manne het.

Monclaire sê: „Enige versoeke, manskap?"

Dit is 'n formele vraag wat formeel gestel word.

„Niks nie, *mon capitaine.*"

Tovak is verbaas oor sy eie stem. Dit is krassend en heeltemal onbekend. Dit smaak of 'n snaakse, aardse gees oor sy stembande beheer geneem het.



„Het jy geen verdere briewe nie?"

„Ek het gister my laaste brief geskryf, *mon capitaine.*"

Dit is die brief aan Anna, die brief waarin hy haar meedeel dat hy haar nooit weer sal sien nie.

Monclaire knik. Dan sê hy baie sag: „ Jou uur het geslaan. Dit sal vir jou baie makliker wees as jy moedig is. Met moed word alle dinge makliker."

Hy huiwer, asof hy onseker is. Dit is nie kenmerkend van die moedige en gewoonlik presiese Franse offisier nie. Toe sê hy: „Daar is 'n spreekwoord wat lui dat lafaards baie keer in hul lewens sterf. Die dapperes smaak die dood egter net een keer. As jy dit kan onthou, kan dit dalk net 'n bietjie help."

Tovak herinner hom daardie segswyse. Hy het dit in die verlede gehoor, toe hy nog op skool was. Hoeveel maal het hy nie die vreeslike marteling van die dood in hierdie sel gesmaak nie? Kan die werklikheid so vreeslik wees as die vooruitsig? Seker nie. Tovak voel iets soos moed deur sy are vloei en 'n snaakse opheffing binne in hom veroorsaak.

Hy is byna dankbaar toe die twee korporaals hier weerskante van hom kom staan en hulle, met Monclaire vooraan, uit die sel wegstap na die paradeterrein.

Die son styg vinnig, maar daar is nog nie eens 'n beduidenis van die volle hitte van die dag nie. Daar is 'n bros skoonheid in die lug. Dit laat Tovak dink aan die voorsomer in Bohemië toe hy en Anna 'n vakansie op die malse walle van die Elbe deurgebring het.

Hulle loop na die teregstellingsplek. Hulle is vir hom gereed—uitnemend gereed. Tovak kyk vinnig na die deeglike voorbereidings wat hulle vir sy dood getref het.

Voor die hoë muur, waarteen sandsakke tot 'n hoogte van nege voet opgestapel lê, staan 'n stewige paal wat hulle

in die grond ingedryf het. Twintig treë van die paal af, staan die vuurpeloton, met 'n sersant aan die een flank. Tovak dink: „Hulle lyk bekommerd en senuweeagtig. Hulle wil my nie doodskiet nie. Hulle voel jammer vir my. Nie een kan egter daar iets aan doen nie. Dit is die wet dat ek moet sterf."

Hulle gaan staan met hom hier voor die paal.

Monclaire maak 'n gebaartjie. Tovak draai om. Een van die korporaals gryp sy gewrigte en maak hulle agter sy rug aan die paal vas. Die ander korporaal maak sy enkels aan die paal vas. Die toue is te styf. Dit, dink Tovak, is maar net 'n tydelike ongerief.

Hy kyk weer na die kêrels wat die vuurpeloton uitmaak. Hulle staan op rus, maar hulle vat onrustig aan die lope van hul Lebelgewere. Daardie gewere is deur die luitenant gelaai—een patroon in elke magasyn, maar in die een magasyn 'n dowwe patroon wat nie kan skiet nie. Die rede is kamma dat die manne nie moet weet wie die veroordeelde geskiet het nie. Elke man moet kamma dink dat hy die dowwe patroon gehad het. Elke manskap weet egter dat 'n geweer wat 'n dowwe patroon afskiet, nie naasteby skop soos 'n geweer wat 'n gewone koeël afvuur nie.

Tovak kyk die volgende oomblik na Monclaire. Die kaptein trek 'n swart doek uit een van sy sakke. Tovak is dankbaar oor die duister toe die doek om sy oë gebind word.

Hy is nou blind, maar sy ander sintuie is nou wakkerder as ooit. Hy hoor hoe Monclaire en die twee korporaals wegstap. Hy hoor hoe hulle gaan staan nadat hulle twaalf treë gestap het. Hy hoor hoe die kaptein sy keel skoonmaak. Hy hoor die eerste bevel: „Aandag!" Dan is daar nog 'n bevel en Tovak weet nou dat die kêrels aanlê. Nou het hulle die voortrek reeds getrek en hulle kyk deur die visiere.



Meteens dink Tovak. „Ek is nie meer bang nie. Ek moet 'n dapper man wees . . ."

Klang!

Dit is agtuur.

Hy het weer gehoor hoe die ou horlosie slaan. Hy is dankbaar dat hy daardie ou laaste slag gehoor het. Dit is 'n treurige klank, hierdie laaste klank.

Hy hoor die bevel. Hy besef dat die kaptein se stem bewe. Hy hoor selfs die klap van die Lebsls in daardie deel van 'n sekonde voordat hy sterf . . .

## Hoofstuk Twee

## DIE VROU

Dit is aand in Sadazi, die ewige aand van Marokko. Die sterre is so helder dat 'n mens voel jy kan net jou hand uitsteek en hulle aanraak. 'n Koel bries waai vanaf die blou massas van die Atlasgebergte.

Die klok slaan hier in die binneplaas van die kaserne.

Klang!

Dit het reeds elf keer geslaan vandat Tovak dit die laaste keer gehoor het.

Nou lê Tovak reeds in 'n onopsigtelike graf tussen baie ander sulke grafte. Sy verhaal is egter nog nie beëindig nie. Partykeer kan 'n mens, deur die eenvoudige daad van

te sterf, allerhande vreemde verwikkelinge aan die gang sit. Dit kan gebeurtenisse wees wat belangriker kan wees as enige gebeurtenis waarvoor hy verantwoordelik was toe hy nog geleef het.

Dit is die geval met Tovak, die oorlede Tsjeg.

* * * *

Hier in die noordelike deel van Dini Sadazi, hier tussen die oorhangende krotte waar die Arabiere woon, hier waar die wynkroeë staan, hier kom soek die Legioenmanne gewoonlik afleiding.

Dit is in een van hierdie kroeë dat die Suid-Afrikaner, Basie Beyers, nou sit en drink aan die rooiwyn wat glad te klewerig en te soet is. Beyers is in die Vreemde Legioen omdat hy 'n beroepsbokser op die Witwatersrand doodgeslaan het nadat daardie vent hom opsetlik op sy niere geslaan het. Basie kon die woedende uitroepe van die volk wat daarop gevolg het, nie die hoof bied nie en daarom het hy padgegee hier na die vergetelheid van die Legioen.

Hy leun op sy elmboë op die tafel en sy skouers is breed en groot. „Ek het nie daarvan gehou nie, Pete," sê Basie vir die breedgeskouerde, blonde kêrel wat teenoor hom sit. „Daar was g'n dowwe patroon in my Lebel nie en ek hou nie daarvan om manne soos Tovak dood te skiet nie."

„Jy is nie die enigste een nie," sê Pete Haver, die Engelsman, op sy verfynde toon. „Daar was ook nie 'n dowwe patroon in my geweer nie. Dit was 'n vieslike besigheid. Maar laat ons nou van die onaangename affêre vergeet en aan iets beter dink.

Hulle verstaan mekaar goed, hierdie twee. Pete weet



waarom Basie hier in die Vreemde Legioen is en Basie weet dat Pete uit Engeland gevlug het nadat hy tronk toe gestuur is weens manslag. Dit het ook ontslag beteken uit 'n beroemde plattelandse Engelse regiment. Omdat oorlogvoering egter in Pete se bloed is, het hy by die Vreemde Legioen aangesluit.

Hierdie twee was in dieselfde kompanjie as die stomme Tovak. Hulle het gehou van hierdie swygsame klein Tsjeg. Dit was vir hulle verskriklik toe die noodlot dit so bewerk het dat hulle beide in die vuurpeloton beland het wat die stomme Tovak se lewe geneem het.

Basie maak hul glase weer vol en hy gesels weer oor die ongelukkige Tovak. Geleidelik dryf Pete se gedagtes weg. Hy dink weer aan daardie man wat hy gedood het, die man wat so goedsmoeds in sy motor kom vasloop het . . .

Dit is Basie wat Pete uit die verlede terugbring deur hom met die hand op sy skouer aan te raak. „Jy't nou net vir my gesê om die verlede te vergeet," sê Basie, „en nou dwaal jy weer in die verlede rond."

„Ek is jammer," sê Pete. „Ek dink dit sal beter wees as ek my eie raad volg, nie waar nie? Ons is nie juis besonder opgewek nie, of hoe?"

Laggende lig hulle hul glase.

Op dieselfde oomblik sien hulle twee die vrou in die deur verskyn.

Die meeste ander klante sien haar ook—die versameling Legioenmanne, Arabiere en negers hou op drink en staar na haar. Dit is nie die feit dat sy Europees is wat die belangstelling gaande maak nie. Ook nie die feit dat sy goed gekleed is nie. En ook nie die feit dat die nousluitende tabberd die uitnemendheid van haar liggaam beklemtoon of die feit dat daar 'n kalm skoonheid op haar gesig is nie.

Vroue soos hierdie is nie buitengewoon hier op Sadazi nie. Hulle is die meer avontuurbeluste toeriste wat van Oran af hierheen kom en selfs die wynkroeë besoek sodat hulle later kan grootpraat dat hulle met lede van die Vreemde Legioen saam gedrink het.

Hierdie vrou is egter heeltemal alleen en dit is dié feit wat die tydelike stilswyende verwondering veroorsaak—'n stilte wat later deur 'n onaardse gebabbel onderbreek word.

Weinig toeriste is so dapper—of so domonnosel—om die inboorlingkwartier gedurende die nag binne te kom. Hierdie vrou is blykbaar daarop uit om beroof te word—of nog erger.

Sy tuur versigtig deur die swaar, rokerige atmosfeer binne die kroeg asof sy so half en half hoop om 'n bekende gesig hier tussen die vreemdelinge te sien. Dan roer sy haar skraal skouers skaars waarneembaar.

Basie fluit lank en sag en dan sê hy: „Sien jy wat ek sien?"

„Al wat ek weet, is dat sy haarself lelik in die pekel sal bevind as sy nie oppas nie," sê Pete.

„Ja, sy is seker een van hierdie avontuursoekers. Jy tref hulle gewoonlik onder die treffende blondines aan. Ek onthou . . ."

Basie se woorde word drasties onderbreek, want die moeilikheid het reeds begin. 'n Neger veroorsaak dit.

Hier is baie negers in Sadazi. Hul voorvaders is jare der jare gelede van die ooskus af as slawe hierheen gebring. Gewoonlik is hulle vlytig en vreedsaam—behalwe wanneer hulle besope is.

En hierdie neger is baie dronk.

Hy is 'n groot man, soos die meeste van sy ras, en sy vuil hemp is tot onder oop. Dit ontbloot sy gitswart bolyf wat lyk of dit lewe van die pure krag.



Hy vat met sy groot hand aan die wit vrou se elmboog en grinnik haar toe. Sy probeer agteruit staan, maar hy hou haar vas. Sy probeer sydelings padgee, maar hy steek sy ander hand uit en keer haar daarmee. Hy fluister iets vir haar wat Basie en Pete nie kan hoor nie, maar sy verkleur en sy beur weer weg.

Die neger glimlag net breër en daar is 'n harde gelag onder party van die klante in die kroeg.

Sy probeer steeds loskom, maar dit is 'n kinderagtige, vergeefse poging. Die neger swaai haar oor sy skouer en loop wankelend met haar na 'n tafel waar hy saam met 'n paar Toeareg-Arabiere gesit en gesels en drink het. Sy skop en worstel, maar alles verniet.

Basie staan op en Pete doen dieselfde. „Lyk my ons het hier 'n takie om af te handel," sê Basie.

Pete antwoord daar nie op nie. Hulle beweeg vinnig tussen die tafels deur na die neger toe.

Toe die neger 'n paar treë van sy eie tafel af is, keer hulle hom voor. Basie se hande is in sy broeksakke saamgeklem. Pete steek 'n sigaretstompie op.

Basie sê stadig en sag: „So, ou grote, nou kan jy haar maar neersit."

Die skielike stilte in die kroeg word onderbreek slegs deur die gehyg van die vreemde vrou wat nog steeds probeer loskom.

Die glimlag verdwyn van die neger se gesig af en noudat hulle so naby mekaar staan, kan Basie besef dat hierdie skepsel al die eienskappe van die geharde boef het. Hy is nie tipies van sy ras nie. Hy is 'n voorbeeld van die gesonkenes wat 'n mens in alle rasse in alle dele van die wêreld

aantref—die soort mens wat daar 'n verwronge behae in skep om die swakkes te pynig.

Die neger probeer by Basie verbyskuur.

Basie is nie 'n tinktinkie nie, maar hierdie neger is baie swaarder as hy en seker goed 'n duim langer as hy. As Pete nie daar was nie, sou hy dalk verbygedruk het.

Pete het die tipiese Engelse gewoonte om alle dinge terloops te doen asof daar niks in die wêreld is wat eintlik saak maak nie. Heeltemal ongeërg sit hy sy swaar militêre stewel op die dun sandaal aan die voet van die neger. En asof niks gebeur nie, trap Pete vir so al wat hy werd is.

Die neger steek onmiddellik vas en hy kreun van die pyn.

Hierdie keer is dit Basie wat glimlag.

„Verstaan jy nou beter, ou ram?" verneem hy van die neger. „Die algemene idee is dat jy hierdie vroumens moet neersit, jy verstaan?"

Pete bly maar op die neger se voet trap en die neger se lippe roer en die wit van sy oë word groter as gewoonlik. Hy klou egter nog steeds aan die wit vrou vas.

Daar is die geskuifel van stoele. Die neger se Arabierse vriende het opgestaan en hulle nader Basie en Pete van agter af. Hulle tas hier onder die voue van hul wye klere na hul messe.

Byna onmiddellik is daar 'n veel duideliker en veel groter geskuifel uit alle dele van die wynkroeg. Dit word veroorsaak deur 'n dosyn of so Legioenmanne wat daar by die tafels gesit het. Hulle staan nader aan die twee Arabiere.

Dit is heeltemal moontlik dat die meeste Legioenmanne nie die minste simpatie het met hierdie verspotte vreemde vrou wat haarself in hierdie penarie beland het nie, maar ewewel het hierdie kêrels min lus om te aanskou hoe dat



twee van hul makkers deur Arabiere in die rug gesteek word, wat hulle bepaald gaan doen as hulle nie voorgekeer word nie.

Die ander drinkers, meestal Arabiere en 'n paar negers, het ook opgestaan. Hulle beskou die Legioenmanne met smeulende kwaadwilligheid. Hierdie atmosfeer het die moontlikhede van 'n besonder lelike uitbarsting, 'n uitbarsting waarin die Legioenmanne minstens een teen drie in die minderheid sal wees.

Basie besef dit toe hy vinnig rondkyk. Dit is vir die Legioenmanne verbode om wapens te dra wanneer hulle in Sadazi nie op diens is nie. Dit geld ook vir die burgerlike bevolking, maar terwyl die soldate gedwing word om die reël na te kom, is dit seker dat elkeen van hierdie burgerlikes hier in die drinkplek vanaand gewapen is—en deeglik gewapen is, daarby. Heel seker het hulle almal messe en net so seker het baie van hulle pistole ook.

'n Botsing moet vermy word. Die enigste manier om dit te doen, is om die neger te oorweldig en te verneder voordat die andere tyd het om te reageer. Veral die Arabiere sal nie veel lus hê om 'n man te help verdedig van wie reeds 'n gek gemaak is nie.

Maar snelheid is die groot faktor. Alles moet binne sekondes afgehandel wees.

Basie staan vinnig opsy en die volgende oomblik is hy agter die lang neger. Hy het 'n vae beeld van die vrou se blonde hare, maar hy steur hom nie daaraan nie. Hy sluit sy hande voor die neger se kop saam en trek.

Terselfdertyd plaas hy sy knie agter die neger se rug en druk hard. Hierdie is 'n vinnige manier om 'n man te dood. Hy het dit geleer toe hy nog saam met die Britse kommandotroepe geveg het in die Tweede Wêreldoorlog.